Boys' Primary School
Tel. 872-4651 Fax: 872-0689
P.O. Box 141
Main Street
PAARL
7622

Primêre Seunskool
Tel. 872-4651 Faks 872-0689
Posbus 141
Hoofstraat
PAARL
7622

postmaster@paarlboysp.co.za
http://www.paarlboysprimary. org.za

AANSOEK OM TOELATING TOT SKOOL

TOELATINGSBELEID / PROSEDURES

Elke aansoek om toelating moet van die volgende vergesel word:

- Oorspronklike jongste skoolrapport
- Afdruk van identiteitsdokument of geboortesertifikaat van leerder.
- Afdruk van ID van beide ouers/voogde.
- Munisipale rekening (bewys van adres).
- Op die eerste dag van skool, die vertrekkaart (CEMIS vorm) van die vorige skool.

1. Aansoekvorms is op aanvraag verkrygbaar by die skool en alle grade moet die skool voor of aan die einde van die derde kwartaal bereik.
2. Indien aansoekvorm nie volledig ingevul word nie sal aansoek nie verwerk word nie.
3. Indien misleidende inligting weergegee word, sal aansoek nie verwerk word nie.
4. Skoolaansoek moet eers verkry word VOORDAT u koshuistoelating kan oorweeg.

Die SBL aanvaar sy verantwoordelikheid volgens die SA Skolewet om die toelatingsbeleid van die PSS te formuleer en uiteen te sit.
Die SBL gee opdrag dat die skoolhoof, sy gedelegeerde en/of SBS uitoefening sal gee aan die genoemde toelatingsbeleid soos deur die SBL voorgeskryf.
Die SBL neem kennis daarvan dat al hoe meer ouers sekere skole verkies vir die voortsetting van hul kinders se skoolloopbaan en besef dat die PSS een van sodanige skole is.

By die Primêre Seunskool, Paarl streef ons daarna om 'n voortreflike en relevante opvoeding in 'n multikulturele atmosfeer aan ons leerlinge te voorsien. Dit is ons doel om 'n omgewing te skep waarbinne dit vir elke seun wat aan ons sorg toevertrou is, moontlik sal wees om sy volle potensiaal op akademiese en buitemuurse terrein te bereik. Om dit te verwenselik het ons die volgende toelatingsbeleid geformuleer.

1. Parallelmedium-onderrig word in Afrikaans en Engels aangebied en voornemende leerders moet minstens een van hierdie tale goed magtig wees terwyl hulle 'n praktiese of gangbare kennis van die ander taal moet hê.
2. Die korrekte ouderdom vir die graad is 'n voorvereiste vir aanvangstoelating. Daarby moet 'n leerder oor die vermoë beskik om tred te hou met die peil van onderrig in die graad waartoe hy toegelaat word.
3. Van leerders word verwag om aan die buitemuurse bedrywighede van die skool deel te neem.
4. Ouers mag om algehele of gedeeltelike kwytskelding van skoolgeld aansoek doen.
5. Daar word van ouers en leerders verwag om die skool se reëls, tradisies en gebruike te aanvaar en dit te onderhou en uit te leef.
6. 7 x 32 = 224 Afrikaans / 7 x 32 = 224 Engels is die maksimum getal leerders wat die skool kan akkommodeer. Dit spreek vanself dat hierdie syfer jaarliks die inname van nuwe leerders sal bepaal.
7. Aansoekers word op grond van die "naaste skool"-beginsel aanvaar, behalwe waar daar redelike gronde bestaan om hul nie te aanvaar nie.
8. Die naaste geskikte skool word gedefinieer in terme van die afstand vanaf die ouerhuis na die betrokke skool/skole.
9. Alle ander (nie naaste skool) leerders moet op grond van meriete, opvoedkundig verantwoordbare uitgangspunte, asook praktiese omstandighede (soos klasgroottes, onderrigmedium (taal) beperkings ens.) toegelaat word totdat die maksimum toegelate hoeveelheid leerders ingeskryf is, sonder diskriminasie op grond van ras, kultuur en geloof.
10. Die indiening van 'n aansoekvorm kan nie as outomatiese toelating aanvaar word nie.
11. Die tyd en datum van aansoek is nie relevant in die bepaling van toelating nie.

- **Toelating aan PSS Graad R waarborg nie toelating tot Graad 1 nie.**
- **Toelating aan PSS waarborg nie outomatiese toelating aan Hoër Jongenskool Paarl nie.**
- **Leerder prestasies; Gedrag; Algemene deelname; Naaste skool. Bogenoemde sal bepalend wees in toelating tot Primêre Seunskool Paarl.**

Enige oorskryding of afwyking van leerdergetalle per klas en/of graad moet aan die SBL voorgelê word vir goedkeuring.
Die SBL verwag van die skoolhoof, sy gedelegeerde en/of die SBS om deur bogenoemde, in beste belang van die skool as instansie sy leerders, ouers, onderwysers en sy skoolgemeenskap op te tree

_____ _____

HANDTEKENING (OUER 1) **HANDTEKENING (OUER 2)**

AANSOEK OM TOELATING TOT SKOOL
APPLICATION FOR ADMISSION TO SCH

Heg onlangse foto

Attach recent photograph

Dokumentasie benodig	**Included**
Foto / Photo	
Copy of birth certificate "Unabridged' / Afrskrif van geboortesertifikaat	
Afdruk van ID van beide ouers / Copy of ID both parents	
Oorspronklike jongste raport / Latest school report	
Getuigskrif / Testimonial	
Mediese Inligting / Medical Information	
Municipality account (proof of address)	

Admin No / Toelatings Nr.		**Pupil's personal information / Leerling se persoonlike informasie**	
Surname / Van		Names / Name	
Date of admission / Toelatingsdatum		Preference name / Voorkeur naam	
Admission to Grade / Toelating tot Graad		ID Nr. / ID No	
Home language/ Huistaal		Date of birth / Geboortedatum	
Language of teaching / Onderrigtaal		Other languages / Ander tale	
Parent 1 ID / Ouer 1 ID		Parent 2 ID / Ouer 2 ID	
Title / Titel		Title / Titel	
Surname / Van		Surname / Van	
Names / Name		Names / Name	
Home address / Huisadres			
Occupation / Beroep		Occupation / Beroep	

Marital Status Huwelikstatus		Marital Status Huwelikstatus	
Salary per month Salaris per maand		Salary per month Salaris per maand	
E-Mail address / E-Pos adres		E-Mail address / E-Pos adres	
Name of employer / Naam van instansie		Name of employer / Naam van instansie	

Brother in school / Broer in skool		Old Boy / Ou Boishaaier	

Tel (h)		Tel (h)	
Tel (w)		Tel (w)	
Sel / Cell		Sel / Cell	
Doctor / Dokter		Dentist / Tandarts	
Tel		Tel	
Allergies / Allergieë			

Sports and extramural activities you presently participate in. Also mention team where applicable / Sportsoorte en buitemuurse aktiwiteite waaraan u tans deelneem. Meld ook span waar van toepassing	

Bible instruction permitted / Bybelonderrig toegelaat	Yes / No Ja / Nee	Highest grade passed / Hoogste graad geslaag	

PRESENT SCHOOL INFORMATION / HUIDIGE SKOOL INFORMASIE:

Present school attended and address / Huidige skool van leerder en adres			
Highest grade passed / Hoogste graad geslaag		Church / Kerk	

PERSON RESPONSIBLE FOR PAYMENT OF SCHOOL FEES / PERSOON AANSPREEKLIK VIR BETALING VAN SKOOLGELDE

Name and surname / Naam en van	Address to which account must be sent / Adres waarheen rekening gestuur moet word	Signature / Handtekening

Indicate method of payment Dui aan betaalwyse	Single payment (with discount, if applicable) Eenmalig (met afslag, indien van toepassing)	
	Quaterly : within first 14 days of term Kwartaaliks : binne eerste 14 dae van kwartaal	
	Monthly – 10 payments last payment end of November Maandeliks – 10 paaiemente laaste betaling einde November	
	Application for exemption / partial exemption Aansoek om vrystelling / gedeeltelike vrystelling	

SIGNATURE / HANDTEKENING:

Parent 1 / Ouer 1 : _____ Parent 2 / Ouer 2 : _____

Date / Datum : _____

ONDERNEMING DEUR OUERS / VOOGDE

1. Ek/Ons doen hiermee aansoek om die kind van wie die naam op hierdie vorm verskyn as leerder by PRIMêRE SEUNSKOOL in te skryf en verklaar dat hy aan die basiese vereistes voldoen.

2. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons wettige toesig en/of voogdyskap oor die genoemde leerder het.

3. Ek/ons onderneem om by die voorwaardes en bepalings van hierdie ooreenkoms te hou.

4. Ek/ons begryp en bevestig dat die hoof of enige sodanig gemagtigde persoon in die plek van die ouer/voog sal optree in enige omstandighede en gedurende enige tyd wat ek/ons ons kind aan die sorg van die skool toevertrou het.

5. **Ek/ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgelde te betaal en ek/ons begryp dat:**

   a. Die jaarlikse skoolgelde `n verpligte bedrag van R8800 p.j. vir 2010 sal wees, soos deur die meerderheid van ouers by die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.
   b. Skoolgelde is op die eerste skooldag vooraf betaalbaar.
   c. Die voorwaardes is soos volg:
      i. Gelde kan ten volle betaal word.
      ii. Gelde kan in tien maandelikse paaiemente afbetaal word.
   d. Indien skoolgelde voor op op 28 Februarie betaal word sal `n 5% afslag van die jaarlikse bedrag afgetrek word.
   e. **`n Deposito van R1000** moet betaal word met aanvaarding. Die bedrag sal van die R8800 verpligte skoolgelde afgetrek word. Sou die leerder nie die skool bywoon nie, sal hierdie bedrag aan die ouer terugbetaal word by ontvangs van `n geskrewe aansoek van die ouer en die voorsiening van bankbesonderhede vir `n terugbetaling.
   f. Kragtens familiereg sal ouers gesamentlik en afsonderlik verplig wees om skoolgelde te betaal ongeag hulle huwelikstatus.
   g. In die geval van wanbetaling van skoolgelde sal beide ouers deur die skool gedagvaar word ongeag onderhoud en hofbevele wat tussen die partye mag bestaan.
   h. Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skoolwet is die partye wat deel het aan hierdie vorm aanspreeklik vir die betaling van verpligte skoolgelde.
   i. Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skoolwet, mag die skool die betaling van hierdie verpligte skoolgelde afdwing.
   j. Die partye tot hierdie aansoek onderneem om alle regskostes te betaal, insluitende prokureurs/kliëntfooie en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan is ingeval die skool geregtelike stappe moet doen om skoolgelde te verhaal.
   k. Gelde is aan die begin van elke maand betaalbaar.
   l. Die skool het die reg om enige inligting oor die ouers ingevolge hulle verpligting vir die betaling van skoolgelde te hou en te verwerk, hetsy op rekenaar of andersins.
   m. Die skool mag `n kredietnavraag en/of krediet inligtingsnasporing oor die ouers doen deur middel van `n krediet inligtingsburo, persone wat as hulle agent optree en/of kredietverleners.
   n. Die skool mag besonderhede oordra oor hoe ouer/s hulle verpligtinge ten opsigte van die betaling van skoolgelde nagekom het en sodanige inligting deel met ander kredietverleners vir die doel van besluitneming rakende krediet risikobestuur.
   o. Indien ouers versuim om hulle skoolgeldverpligtinge na te kom mag die skool die wanbetaling van die ouer/s by `n kredietburo aanmeld. Enige inligting wat aan `n kredietburo deurgegee word sal aan ander kredietverleners beskikbaar gestel word en gebruik word vir die doel van besluitneming rakende krediet risikobestuur.

6. Ek/ons onderneem om skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my/ons kind uit die skool te haal en om alle boeke en/of toerusting in ons kind se besit wat aan die skool behoort, terug te besorg.

7. Ek/ons begryp dat die skool hom die reg voorbehou om alle inligting in hierdie aansoek vervat te kontroleer. Sou enige vals dokumentasie ingedien word, behou die skool hom die reg voor om `n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek aanhangig te maak.

8. Die ondertekenaar gee hierby onderstaande *domicillium citandi et executandi* op. In die geval van `n verandering van adres moet ouers die skool skriftelik daarvan in kennis stel.

9. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvan deur die ouer/voog tot op die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

Die ouer/voog verklaar hiermee dat hy/sy die kind se wettige voog is en daarom gemagtig is om hierdie dokument te onderteken, en hom/haar daartoe sal verbind, beide as ouer/voog, en in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

ADRES: Die ondertekenaar gee hierby onderstaande *domicillium citandi et executandi* (amptelike woonadres)

op: _____

VERKLARING:

Ons ..... verklaar hiermee dat die inligting soos hierbo in hierdie vorm deur my weergegee waar en juis is, en en dat ek by wyse van my handtekening hieronder die Voorsitter van die Skoolraad of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besondehede deur my verskaf na te gaan en te bevestig.

Geteken hierdie ..... dag van ..... 20 .....

.....
HANDTEKENING

LET WEL:
DIE VOLGENDE DOKUMENTE MOET HIERDIE INSKRYWINGSVORM VERGESEL

1. **Bewys van verblyf (diensterekening**)
2. Een onlangse ID-grootte foto van die leerder wat aan hierdie vorm geheg moet word
3. Afskrifte van **beide** ouer/voog se ID
4. **Volledige Geboortesertifikaat ("Unabridged" Birth Certificate)**

_____ _____

HANDTEKENING – OUER 1/VOOG **HANDTEKENING – OUER 2/VOOG**